

Erfenisstigting-argief

Verw. SVK

**INVENTARIS VAN DIE
SENTRALE VOLKSMONUMENTEKOMITEE (SVK)**

Saamgestel deur: Petra Luus

Augustus 2018 – April 2019

Pretoria

Voorwoord

Die idee om 'n nasionale Voortrekkermonument op te rig het al in die 1880's by pres. Paul Kruger ontstaan. By 'n konferensie op Saterdag 4 April 1931, het verteenwoordigers van verskillende liggame uit monumentekomitees en ander belangstellende liggame, uit alle dele van die land in die Volksbladsaal, in Bloemfontein, onder voorsitterskap van adv.E.G. Jansen byeengekom. Die rede hiervoor was om 'n sentrale liggaam vir die oprigting en instelling en instandhouding van volksmonumente tot stand te bring en om te besluit in verband met die oprigting van 'n nasionale Voortrekker-gedenkteken by die Eeufees in 1938.

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), wat ook in 1929 gestig is, het die konferensie byeen geroep. Tydens die konferensie moes 'n grondslag van samewerking tussen almal gevind word. Die konferensie se belangrikste taak was om oor die oprigting van 'n nasionale Voortrekkergedenkteken tydens die Eeufees in 1938 te besluit. Die SVK is gestig om verantwoordelik te wees vir die oprigting en onthulling van dié groot en waardige monument. Die SVK het as 'n vertakking van die FAK opgetree, al is die SVK later uitgebrei om ook aan die regering verteenwoordiging te gee. Dit het in kern en wese 'n Afrikanerorganisasie gebly en steeds nou met die FAK saamgewerk.

Daar is besluit dat die SVK uit nege lede sou bestaan en is soos volg saamgestel: dr. E.G. Jansen (voorsitter), proff. J.D. du Toit, S.P. Engelbrecht en J.D. Kestell, sen. W.J.C. Brebner, dr. F.V. Engelenburg, mev. M.E. Rothmann en De Beer en mnr. J.F. van G. Bekker, L.V. Hierdie persone is verder deur die uitvoerende bestuur van die FAK aangevul, naamlik dr. N.J. van der Merwe, proff. E.C. Pienaar en T.J. Hugo, mev. M.M. Jansen, mnr. L.J. Erasmus en mnr. I.M. Lombard, wat voorlopig as sekretaris sou waarneem. Jansen was voorsitter van die SVK sedert die stigting daarvan tot met sy dood op 25 November 1959.

In 1935 het die regering aandag aan die planne vir die Voortrekkereeufeesvierings begin gee en die SVK is deur die destydse Eerste Minister, genl. J.B.M. Hertzog, uitgenooi om hom te spreek. Hy was van mening dat die oprigting van 'n monument en die Eeufeesvierings van sodanige nasionale belang was, dat die regering self in verband daarmee moes optree. Na onderhandelinge met die SVK is ooreengekom dat

die regering die finansiële verantwoordelikheid op hom sou neem, maar dat regeringsverteenwoordigers sitting in die SVK moes kry en dat die SVK met die werk sou voortgaan. Die lede wat die regering destyds benoem het, was F.S. Malan, C. van Riet-Lowe, P.I. Hoogenhout, Paul Nel, O.A. Davel, T.W. Wadley en E.W. Douglas.

In 1934, voor die regering finansieël betrokke geword het, was Provinsiale Komitees gestig om in die verskillende provinsies verantwoordelik te wees vir die insameling van fondse vir die Voortrekkermonument. In 1935 was 'n Dagbestuur ook uit die SVK gestig om die werk te vergemaklik. Baie ander sub-komitees is ook op die been gebring. Die Sitasukomitee was verantwoordelik om die ligging van die Monument te bepaal. Die Vormkomitee moes bepaal watter vorm die Monument moes aanneem, en hoe dit moes lyk. In 1936 was een van Gerard Moerdijk se voorstelle aanvaar en word hy as argitek aangestel. Die Historiese-komitee is gestig om seker te maak dat die historiese panele 'n getroue weergawe van die verlede is en om die kunstenaars leiding te gee. Die Boukomitee was verantwoordelik vir die bouproses en die fisiese oprigting van die Voortrekkermonument.

Die Monument was nie klaar gebou met die Groot Trek-Eeufeesvierings op 16 Desember 1938 nie, en daar is besluit om die Hoeksteenlegging op hierdie belangrike datum te hou. Die Eeufeeskomitee was verantwoordelik vir die reëlings rondom die Eeufees wat met die Hoeksteenlegging gepaard gegaan het. Die Eeufeeskomitee het 'n paar onderkomitees gehad, soos die Terreinkomitee, Programkomitee en Verversingskomitee.

Die Voortrekkermonument-Inwydingskomitee (VIK) was gestig met die oog op die Inhuldiging van die Monument op 16 Desember 1949. Die VIK het ook uit verskeie sub-komitees bestaan, nl. die Terreinkomitee, Kampkomitee, Programkomitee, Brosjuekomitee, Drukwerkkomitee, Verversingskomitee, Handelskomitee, en die Vervoerkomitee.

Die SVK het hom op 21 November 1952 formeel aan werksaamhede rakende die Voortrekkermonument in Pretoria onttrek, aangesien al die werk in verband met die oprigting, waarvoor genoemde komitee verantwoordelik was, in daardie stadium afgehandel was. Die SVK het ook verantwoordelikheid geneem vir die oprigting van die Bloedriviermonument (1947), die Voortrekkermonument by Pietermaritzburg (1962) en die Voortrekkermonument by Winburg (1968).

Met sy groot taak afgehandel was die SVK op 21 November 1968 tydens 'n ontbindingsvergadering by die Voortrekkermonument ontbind.

Bron: E. Pretorius. *Marmar en Graniet: Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee*. Die Erfenisstigting, Pretoria, 2020.

SVK - versameling by die ES-argief

Naas die SVK dokumentasie wat oorgedra is vir bewaring aan die Staatsargief, het heelwat SVK dokumente oorgebly wat vir baie jare in staalkabinette by die Voortrekkermonument-kantore gestoor is. In die laat 1990's is dié dokumente, wat bestaan het uit o.a. korrespondensie, telegramme en Moerdijk argitekstekeninge, byna vernietig maar gelukkig gered deur 'n personeellid.

Met die oprigting van die nuwe Erfenisentrumgebou by die Voortrekkermonument in 2008, het die dokumente 'n tuiste gevind by die nuwe argief. Tussen 2018 – 2019 is die versameling ontsluit vir navorsing deur een van die 2 argivarisse. Die versameling bestaan uit notules, korrespondensie, verslae, memorandum, en programme. Dit weerspeël die geskiedenis van een van Suid-Afrika se grootste en indrukwekkendste monumente.

Die tweede deel van die SVK-versameling bestaan uit kopieë wat gemaak is van SVK argiefdokumente wat gevind en bewaar word by die Nasionale Argief (Pretoria), AREA (Bloemfontein), Ditsong Museum (Pretoria), en Kaapse Argief Bewaarplek (KAB).

Die dokumente is in 'n goeie toestand en die hele versameling bestaan uit 94 volumes en beslaan 10.8m rakspasie.